

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (08/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 10 Maart 2017



“The difficulties you will face in life, do not come to destroy you.....they come to show you exactly what you are made of and just how strong you really are.” Anon

“FALLING INTO HUMILITY” (“A SOMEWHAT PERSONAL STORY”)

Toe ek Sondagoggend wakker word, het ek besef dit was nie 'n nagmerrie nie - ek het werklik my dybeen op twee plekke gebreek en 'n metaalstaaf is ingesit. Maar hierdie lang storie gaan nie oor die breek van bene nie - dit gaan oor die mense wat my gehelp het en die globale sitrus-familie - en die gees van Suid-Afrikaners. Dit het begin as 'n pragtige Saterdagoggend om 5:30 - 'n lang rit is deur die suikerriet beplan wat toe kort geknip is toe ek teen 'n heuwel afkom en die stroom wat so glad soos seep was, getref het. Voordat ek dit besef het, het die wiele van die fiets onder my uit gegly en ek wat nog “cleated in” was, het 'n soliede rots met my volle liggaamsgewig getref. Soos ek Moeder Afrika tref, kon ek voel hoe dinge breek en terwyl ek van die pyn in die stroom krul, het ek na my rymaat, CGA se Mitchell Brooke, geskree vir hulp. Hy het omgedraai terwyl ek rond krul in die stroompie. Ons was in 'n baie afgeleë gebied met geen selfoonontvangs - so Mitchell het gery om hulp te kry. Ek het in die stroompie bly lê want as ek stil lê, het ek geen pyn gehad nie. Enige beweging het pyngolwe deur my been en my liggaam gestuur. Dit was eintlik baie lekker om daar te lê; ek kon voëls in die bome sien en die borrelende water het my gevoelloos gehou. Mitchell het teruggekom om te sê dat die ambulans oppad is, en dat hy gaan om vir hulle die pad te wys. Ek het in die water gelê en oor die lewe gedink. Soos ek daar lê, het nog vyf ander fietsryers afgekom - en hulle het geweier om my te verlaat; wat 'n plesier om medefietsryers daar te hê wat my van geen kant af ken nie, maar bereid was om saam met my te wag - al het dit 'n impak op hul rytyd gehad. Twee van die ander ryers het ook gegly terwyl hulle probeer het om die stroom te voet oor te steek. Mitchell het saam met die ambulans gekom - en Sugren en Krish (die eerste mediese beamptes op die toneel). Hulle het vinnig die situasie beoordeel en besef dat hulle nie bevoeg is om my te help nie; hulle kon nie morfien toedien of trauma hanteer nie. Ek was noual vir 'n uur in die stroom; en hulle wou my nie beweeg. Een van hulle het saam met Mitchell gegaan om die gevorderde trauma-eenheid te bel. Bongi het in sy Golf opgedaag, maar kon nie by my uitkom nie, so het hy toe 'n geleentheid met Konrad in sy ambulans gekry. Bongi en Konrad het die situasie beoordeel en besluit om my uit die stroom te haal. Ek het gedink dat ek al vantevore pyn ervaar het (soos met nierstene), maar toe hul my op die plank rol, het ek die meeste pyn wat ek nog ooit beleef het, ervaar. Dieselfde het gebeur met die dra van die plank na droë grond (of so het ek gedink). Toe ons op droë grond kom, het hul my na 'n draagbaar oorgeplaas - en toe het die pret begin. Omdat ek in die stroom vir byna twee uur was het my are plat geval; alle bloed en warmte is na my “core” verplaas. Hulle het probeer om 'n aar in die agterkant van my hand te vind, agter die elmboog en in my pols - albei hande, maar niks. Hulle het toe my sokkie uitgetrek en in my voet gesoek - niks. Hulle het toe vir 'n uur probeer om my warm te maak - en toe weer gegrawe - steeds niks. Laaste uitweg - “Black en Decker” - boor reg in die skeenbeen om die pynmiddel in die beenmurg te kry. Nou het ek besef wat pyn werklik is - ek sweer as ek 'n wapen gehad het sou ek Konrad dood gemaak het; enigiets om die pyn te stop. Maar selfs dit het misluk. Konrad het toe 'n helikopter gebel - hy kon dit nie waag om my oor die stamperige paaie sonder 'n pynstiller te vervoer nie. Hy het gebel en gebel en kon uiteindelik magtiging kry. Nou om my van die draagbaar na die ontruimingsmatras te skuif - weer deur al die pyn. Deur dit alles kon Konrad, Bongi, Krish en Sugren nie meer professioneel en simpatiek gewees het nie; ek het die hele tyd veilig gevoel en geweet dat redding oppad is - ek het nooit geloof in hierdie lewensredders van Netcare 911 verloor nie. Na nog 'n uur het ons gesien dat die weer verander, en ons kon die helikopter hoor. Conrad het 'n fakkel afgeskiet en dit het die helikopter na die ambulans gelei. Shaik en Sham, en die vlieënier (Kevin) het uitgespring. Dit was nou nodig om my na die “scoop” te beweeg - gelukkig het hul my op die ontruimingsmatras gelos. Hulle was versigtig soos hulle my in die helikopter gelaai het - uit oor die giftige EnviroServ stortingsterrein, toe oor die Pavilion en toe land ons op die helikopter se landingsplek by die St Augustine's hospitaal. Die hele hospitaalpersoneel was daar om te sien hoe die pasiënt aankom - ek voel 'n bietjie skuldig dat daar nie meer “guts en gore” was nie!! Al die verpleegsters het my vertel hoe hulle foto's en selfies geneem het omdat 'n Medivac nie elke dag gebeur nie. Toe in die ambulans vir 'n vyf minute rit na die trauma-eenheid - met Shaik en Sham saam met my die hele tyd. Reguit na “Opname” (honderde vorms, “vital signs”, EKG, bloeddruk, bloedtoetse en bloedsuikertoets). Toe na X-strale - en ek sou nie toelaat dat hulle my van Konrad se geel matras skuif nie; en toe uiteindelik na die teater. Dr Seedat het verduidelik dat dit 'n slegte breek op twee plekke was - en dat daar geen ander keuse was as om 'n pen deur die dybeen te steek nie. In die volgende tien minute is ek deur die Narkotiseur voorberei en toe na die teater gestoot. Ek het in die algemene saal wakker geword met verpleegsters wat gretig was om die “helikopter- pasiënt” te sien. Van die oomblik dat ek by St Augustine's aangekom het, is ek met deernis en professionaliteit van die hoogste gehalte behandel - dankie aan al die engele. Met Shane en die fisio wat my gehelp het, is ek Woensdag ontslaan. Ongelukkig het dit beteken dat ek nooit by die Summit kon uitkom nie (ek is op krukke vir 'n maand met geen druk op die gehawende been). Ek wil almal van die sitrus familie van Suider-Afrika en regoor die wêreld bedank vir hul goeie wense; ek het oproepe en boodskappe van alle uithoeke van die sitruswêreld ontvang en kan werklik sê dat ons in 'n wonderlike bedryf werk. Ons kan meeding en verskil oor kwessies, maar wanneer dit oor die persoon maak die omgee en bedagsaamheid jou nederig.

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY EN CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS